DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

NUWEJAARSVOORNEMENS!?

Die jaar begin weer einde se kant toe staan. Vanaf September loop alles afdraend. Jaareindfunksies word gereël, projekte word afgesluit en alles word nog ter nouer nood ingedruk en reëlings vir die einde van die jaar se vakansie word getref. Voordat ons weer ons oë uitvee staan en staar ons weer die vuurwerke in die lug. ‘n Jaarlikse gebeurtenis – Oujaarsaand – weer ‘n jaar wat afgeskryf word en ‘n nuwe een wat voorlê. Alles word weer van vooraf begin. Vir baie mense is dit ‘n groot keerpunt jaarliks. Om weer die nuwe jaar in te gaan met durf en moed. Saam met dit kom die gebruiklike nuwejaarvoornemens. Die lysie word lankal vooraf opgestel. Almal ken hul gebreke en swak punte. Die gewildstes bly maar altyd om op te hou met rook, gewig te verloor, meer gereeld te gaan oefen en weer ‘n punt daarvan te maak om te gaan studeer. So kan ons aangaan en ‘n lys optrek wat strek van hier tot in Kaïro. Die verlede en ervaring het ook al bewys dat die voornemens meestal ook net by voornemens bly. Die eerste week word hard aandag aan die punte gegee, maar gou word ‘n sigaret weer aangesteek, die verbode sjokolade geëet of die gereelde oefening oorgeslaan.

Waar sien ons die nuwejaarsvoornemens in ons geloof raak? Meestal vorm dit een van die vele voornemens aan die begin van die nuwe jaar. Is dit nie tyd dat ons dit ‘n hoër prioriteit gee en dalk meer gereeld toepas nie? ‘n Praktiese manier om dit toe te pas is om te kyk hoe die nagmaalsformulier ons dit voorskryf. Die nagmaal word minstens vier maal per jaar gevier en skep dus ‘n gulde geleentheid om weer alles van vooraf te beoordeel.

Dit word vir ons baie maklik gemaak deur dit direk vanuit die nagmaalsformulier uit voor te lees. Die derde punt van die ware selfondersoek bestaan uit die volgende: Elkeen moet sy gewete ondersoek of hy van voorneme is om van nou af met sy hele lewe ware dankbaarheid aan God te betoon en opreg voor hom te wandel; ook om eerlik alle vyandskap, haat en nyd te laat vaar en voortaan in ware liefde en eensgesindheid met sy naaste te lewe. Dit dui dus duidelik op ‘n keerpunt in jou geloofslewe. Eerstens moet daar oor die sondes gedink word, daarna volg die hartelike berou en laastens die voorneme om volgens God se wil te leef. Verder word daar in die ware selfondersoek ook aandag gegee aan sondes wat ons nie mag doen nie. Dit vorm dus ‘n goeie riglyn vir wat ons mag doen en wat ons nie mag doen nie.

Die voorafgaande wys dus vir ons dat die nagmaals-formulier baie prakties toegepas kan word. Net voor die nagmaal kan weer besin oor alles wat in die geloofslewe verkeerd geloop het. Van daaraf moet daar

(vervolg op bl. 2)

INHOUD

Uit die Woord
Die wet bekritiseer 2
Jefta 3

Oppad
Preek luister (2) 4
Ouers 5
Gospel musiek 5
Pinksterbeweging 8

Voel jy ook so?
Beroepskeuse 9
Vreemdeling 10
Het jy al die uitnodiging aanvaar? 11
Liggaam van Christus 12

Sosiaal
Deur die sleutelgat 13
Klereverkoping 14
Blapse 15
Voetspoor 16

Studente
Chemiese landbou 17

Nog iets…
The Creator Cares 18
Boeke 18
Blokkiesraaisel antwoorde 20
Verjaarsdae 20

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Rinus Kamphuis (kamphuisrk@hotmail.com)
Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge
Penningmeester: Arjan van Houwelingen
Lede: Willemien Kleijn
Wilma Lubbinge
Anita Zielman

Maranata:
Redakteur: Hein Smit (hein.smit@bmw.co.za)
Penningmeesteresse: Cora Visser
Lede: Margreet Bron, Frans Hagg, Anita Drijfhout, Marie Louise van den Bout, Daniël van der Meulen

Kaapstad:
Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)
Artikelversorging: Maartje Eefting
Margreet Moes
Sekretaresse: Christine van der Linden
Finansies: Jaco Haak

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Bethal: Arnoud van den Bout

Uitleg:
Gerhard Bijker (gerh@rd.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* 10 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres: *http://www.vgk.org.za/olielamp/*

Koste: R35.00 per jaar

(van bladsy 1)
die ernstige voorneme bestaan om van nou af verder met die swak geloofsgewoontes of sondes te breek en volgens God se gebooie te gaan lewe. Ons kan selfs sover gaan om dit met ander te deel. Ons kry dit dan reg om met ons beste vriende te bespreek hoeveel kilo's ons graag wil verloor. Op so 'n wyse kan ons mekaar se persoonlike geloofsbelewing deel en dus ook prakties die gemeenskap van die heiliges deel en ervaar. Die lysie wat voor in die dagboek geplak word met die nuwejaarvoornemens kan dalk kwartaaliks vervang word met 'n lys van langdurige en hardnekkige sondes.
Christus het die nagmaal as sakrament ingestel vir ons om dit te gebruik. Daardeur gedenk ons sy kruisdood en betoon ook ons dankbaarheid teenoor God vir die groot geskenk. Maar ook moet dit dien as 'n keerpunt in ons persoonlike geloofslewe. Die waarskuwing word ook luid in die formulier uitgebasuin. Indien ons die nagmaal van die Here misbruik eet en drink ons 'n oordeel oor onsself en maak dus die oordeel en verdoemenis des te groter. Maak dus gerus 'n punt daarvan om 'n oomblik stil staan by die lees van die formulier. Die ware selfondersoek kan vir ons baie meer beteken as wat dit op die oog af vir ons lyk.

Vasbyt die einde van die jaar is naby. Ons begin almal 'n rustende houding inneem soos die jaar einde se kant toe staan. Hier moet ons baie oppas dat dit nie ons geloofslewe beïnvloed nie. Bly altyd waak. Geniet die uitgawe.

Namens die Maranata redaksie
Hein Smit

uit die Woord

DIE WET BEKRITISEER

Marlene de Vente

Die Skrif-kritikus wil graag sy mening lug. Mag dit maar? Ja?
Nou, laat die jeug van die VGK dan hoor - met kritiese oor natuurlik - na wat hy te sê het:

Die wet sê: Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie…
Die Skrif-kritikus sê: dit beteken dat niks vergoddelik mag word nie. Ons moet vry wees van alle heerskappy, selfs vry van teologiese oortuigings.

Die wet sê: Jy mag geen gesnede beeld maak nie…
Die Skrif-kritikus vertel ons: dit beteken dat jy nóg God, nóg jou naaste in jou eie denkbeeld mag vashou nie; ons moet mekaar vry laat!

Die wet sê: Jy mag die Naam van die HERE nie ydellik gebruik nie…
Die Skrif-kritikus vul aan: moenie aan jou eie mening een of ander goddelike gesag heg nie. En, niemand mag sê "So sê die HERE" nie!

Die wet sê: Gedenk die sabbatdag…
Die Skrif-kritikus laat ons weet: dit beteken: moenie 'n slaaf wees van jou werk nie; neem tyd vir jouself en vir ander.

Die wet sê: Eer jou vader en jou moeder…
Die Skrif-kritikus sê: hou met hulle rekening, maar jy hoef hulle nie te ver**eer** nie; elke autoritêre struktuur wat jou vryheid aantas is verwerpelik!

Die wet sê: Jy mag nie doodslaan nie…
Die Skrif-kritikus sê: aborsie mag nog wel, maar die diens in die leër mag nie meer nie. Die lewe van die mens is die hoogste goed.



Die wet sê: Jy mag nie egbreek nie…
Die Skrif-kritikus sê: jy moet respek hê vir die seksualiteit van jou naaste, asook sy geaardheid, maar jy moenie aan verouderde reëls verknog bly nie.

Die wet sê: Jy mag nie steel nie…
Die Skrif-kritikus sê: die rykes mag nie uitbuit nie, die armes het ook 'n reg; alle goedere moet gelyk verdeel word, al moet dit gebeur deur middel van rewolusionêre optrede.

Die wet sê: Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie…
Die Skrif-kritikus sê: die waarheid is relatief, in elke situasie anders; wees veral trou aan jouself en eerlik teenoor mekaar!

Die wet sê: Jy mag nie begeer nie…
Die Skrif-kritikus verkondig: laat jou lei deur jou eie behoeftes, en doen wat jou hart jou ingee!

Dit is dus duidelik dat die Skrif-kritikus nie meer die Bybel as God se openbaring oor Homself sien en erken nie, maar slegs die "verslag" van wat die ménse oor God gedink het. Die wet is nie meer die vaste norm vir die lewe nie, maar alleen 'n aanwysing van wat die mens kan probeer om uit te rig. In feite staan ons op onsself; ons moet **self** die pad vind – **self** die grens tussen goed en kwaad al tastende ontdek in die veranderende situasies van elke dag.

Gelukkig hoef ons, as gelowiges, nie self die pad te vind nie! God se wet wys ons duidelik waar die grens tussen goed en kwaad is! En ons mag weet dat die weg van die goddelose sal vergaan, maar die regverdige wat God se wet onderhou die ewige lewe sal binnegaan!

DIE RIGTER JEFTA

Giny van der Vinne

Rigters 11 – 12 : 37

Die Amoniete word byeengeroep om oorlog te voer teen Israel, om nog swaarder druk op hulle te lê. In Gilead het hulle laer opgeslaan. Die Israeliete uit die Oos Jordaanland, uit die stam van Mannasse het ook byeengekom en laer opgeslaan by Mispa. Wat moet ons doen en wie is ons leier, hy sal hoof wees oor al die inwoners van Gilead. Hulle dink aan Jefta, die Gileadiet, 'n dapper held. Maar hy was die seun van 'n hoer, 'n uitgestotene deur sy broers, minderwaardig, veroordeel, maar blind was hulle vir die veel grooter sonde van die afval van die volk Israel.

Die oudstes besluit om Jefta te gaan haal – kom en wees ons aanvoerder, maar Jefta stel sy vrae. Hulle het hom uit die gemeenskap van die heiliges gestoot. Is hy deur die Here ook uitgestoot? Nee. Dan moet die daad van sy broers deur die oudstes ongedaan gemaak word. Dit is nie om persoonlike eer te herstel nie maar ook om weer deel van die volk te wees. En so het Jefta

saam gegaan met die oudstes van Gilead en die volk het hom as leier aangestel.

Jefta gaan dadelik aan die werk, stuur boodskappers om met die koning van Ammon te onderhandel oor die rede hoekom hulle Israel wil inval. Die koning van Ammon beweer dat Israel sy land is en hy wil dit terug hê. Die boodskapper kom terug met hierdie antwoord. Jefta stuur weer die boodskappers (hfst 11: 16 – 23). Die onderhandeling was sonder resultaat – hulle moes veg. Die Gees van die Here het met groot krag op Jefta kom lê. Die Here het hom bekwaam gemaak as leier (en aanvoerder). Jefta doen 'n gelofte aan die Here en die stryd eindig in 'n volkome oorwinning. Jefta belowe aan die Here dat as Hy die kinders van Ammon in sy hand gee, dan sal hy die eerste wat uit sy huis sal kom as brandoffer bring. Dit was Jefta se enigste kind – 'n dogter. Jefta het sy klere geskeur en was bedroef, maar hy het sy belofte gestand gehou.

Net 'n gedagte: Die lengte van ons lewe kan ons nie bepaal nie, maar sekerlik die wydte en diepte.

Oppad

PREEK IS MOELIK – GOED LUISTER OOK (2)

Johan de Vente

In die vorige uitgawe het ons gekyk na die erns van die erediens. In hierdie uitgawe staan ons stil by die inhoud van die preek en hoe ons na die preek luister.

Die inhoud van die preek

In die plek van die herhaalde offers van die Ou Testament in die tempel om versoening te bewerk, is daar nou die verkondiging van die éénmaal vir altyd gebringde offer van Jesus Christus. Hierdie offer is die verkondiging van die sonde wat vergewe is en word deur die dood van Jesus aan die kruis. Hierdie offer word aan elkeen gebring wat glo dat Hy vir ons sondes gekruisig is. Die Heidelbergse kategismus sê dit duidelik in vraag en antwoord 84. Dit lui soos volg: "Volgens die bevel van Christus word aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem."

Hierin is die verkonging van God se Woord die sleutel waarmee die toegang tot die koninkryk geopen word. Die opening en die sluiting van die koninkryk is die amptelike pastorale taak van die predikant. Hy moet as onder Herder, deur middel van sy preek die deur van die skaapskraal vir elkeen open. Elkeen moet hier verstaan word as die aan wie die Woord van God verkondig word. Ons moet dus nie afwagtend sit en wag tot dit tot ons kom nie, maar on smoet elkeen aktief betrokke wees in diens tot sy koninkryk.

Hoe luister ons?

Die erediens verloop met 'n spesifieke volgorde. Dit gaan hier oor hoe die gemeente antwoord gee na die voorlesing van die Wet, nadat daar uit die Woord gelees is en na die verkondiging van die Woord. Die aanbidding en lofprysing van die gemeente behoort ook by die erediens. Hierby moet ons ook luister. Elke antwoord wat deur die gemeente gegee word, in elke vorm, moet 'n eerbiedige uiting wees van dankbaarheid.

Die preek is die sentrale gebeurtenis in die erediens. As hoorders moet ons in gespanne afwagting luister na wat die Here se boodskap vir ons is. Ons houding en die manier waarop ons luister moet so wees dat ons met 'n eerbiedige houding na die Woord van die Here luister. Ons moet ons aktief inspan om goed te kan luister. Besef ons werklik elke keer weer dat deur die mond van die dominee Christus direk tot ons spreek, ook al word die Woord deur 'n ouderling vir ons gepreek (2 Kor.5:18) ?

As ons onbevredig by die huis kom na die erediens moet ons die skuld by onsself soek. Het ek met groot inspanning geluister na wat die Here se boodskap vir my was? Het ek myself aktief ingespan om te luister, of het ek my aandag af laat lei? Het ek met 'n eerbiedige houding geluister?

In die volgende uitgawe kyk ons na die preek self.

HOE GAAN EK VERBY MY OUERS KOM?

Bertha de Jager

Dit is wat almal van ons dink (dit is as jy jonger as 21 is en van jou ouers afhanklik is) as jy weer ‘n keer wil uitgaan en jy weet jou ma-hulle gaan nie daarvan hou as jy gaan nie. En as hulle nee sê, dink jy hulle is antiek (outyds) en jy wil sommer na 'n tweedehandse-winkel toe gaan en hulle inruil vir ander ouers, jy sal nog bybetaal ook net om die "nuwe ouers" te kry.

Maar dit is nie wat die Here ons in die Bybel leer nie. In Spreuke 1: 8 staan daar dat ons na ons ouers moet luister, behalwe as hulle die Here se wil teen gaan. Die Here sou dit nie so in sy woord laat neerskryf het nie, as hy nie geweet het dat ons ouers altyd net die beste vir ons wil hê. (Al dink ons nie altyd so nie.) Dit is ook hoekom hulle net partykeer nee sê en daarby bly. In Spreuke 3:12 staan daar die Here tugtig die wat hy lief het net soos ‘n vader wat sy seun tugtig in wie hy ‘n welbehae het. Dus as jou ouers so nou en dan net moeilik wil wees is dit dalk ‘n goeie teken!

Het jy al ‘n keer daaraan gedink wat jou ouers al vir jou gedoen het. As dit nie vir hulle was nie, het jy nie eers hierdie plek wat hulle aarde noem, met die oog aanskou nie. Sonder jou ouers se goeie opvoeding sal daar vir jou geen verskil tussen reg en verkeerd wees nie en sal jou gewete jou glad nie pla nie. En wie bring die geld in die huis en sorg dat jou maag elke aand weer vol is. ‘n Mens is al so gewoond daaraan, jy kom dit nie eers meer agter nie. En doen ons ooit iets terug om te wys hoe ons alles waardeer wat hulle doen? ‘n Mens kom eers agter hoeveel hulle vir ons beteken, die dag wanneer hulle nie meer daar is of as jy op jou eie bly.

Ek dink ons moet ons ouers meer waardeer en net vir hulle wys ons sal hulle vir niks in die wêreld inruil nie.

GOSPELMUSIEK - 'N GAWE VAN GOD?

Dirk Maurits Boersma

Voor my op die tafel lê my 27 gospel cd's. Die Pretoria-redaksie het my gevra om 'n artikel oor gospelmusiek te skrywe. Vroeër vanjaar was daar reeds 'n meningsopname gedoen by verskillende mense. In hierdie artikel moet "iemand wat redelik baie kennis en agtergrond het oor hierdie onderwerp" 'n goeie artikel met riglyne skryf. Ek probeer nie om so 'n deskundige te wees nie, maar dalk kan 27 cd's my vrymoedigheid gee om iets hieroor te skryf.

Die verskille tussen die cd's het my tenminste een ding geleer: jy kan moeilik 'n algemene oordeel oor gospelmusiek uitspreek. Dit is oneerlik om te sê alles is verkeerd, en naïef om te sê alles is goed. Dikwels is daar vooroordele of sekere standpunte oor kerklike musiek wat mense verhinder om dit op sy waarde te skat. Ek wil in hierdie artikel 'n paar van sulke hindernisse bespreek en uit die weg ruim. Hopelik kan lesers dan self begin om die musiek te luister, te beoordeel en te waardeer.

As christen sal jy bly wees as iemand die naam van die Here prys. Ons vind in die Skrif soveel oproepe om Hom te prys, dat ek my verheug as ek iemand ontmoet wat dit doen. 'n Christen kan dit op uiteenlopende manier doen: byvoorbeeld deur te sing, deur jou daaglikse werk getrou te doen, deur Christus voor die mense te bely. Wie kreatiewe gawes van die Here

gekry het, kan nuwe dinge maak waarin God ook geprys word. 'n Skilder kan dit doen deur Bybeltaferele te verf, maar ook deur skildery oor andere dinge te vervaardig. So kan iemand met 'n mooi stem God eer deur gospelmusiek te maak.

Nuwe liedere

Hoekom staan party mense dan afwysend teenoor hierdie musiek? Dit kan wees dat hulle dink dat jy God net mag prys met Psalms en Skrifberymings. Hoewel daar goeie redes is waarom ons kerke saam besluit het om ons tydens *eredienste* daartoe te beperk, beteken dit nie dat dit die enigste wyse is om ons God te prys nie. Daar is 'n verskil tussen wat jy persoonlik sing en mooi vind, en dit wat jy toepaslik vind tydens 'n erediens. Nie alles wat almal mooi en skriftuurlik vind, moet ook in die kerk gesing word nie, en by die huis hoef jy nie net kerkmusiek te sing en te speel nie.

Ons kan ook nie redeneer dat ons nie ander musiek nodig het nie, omdat ons in die Skrif voldoende het om die Here te prys. Hierdie is 'n statiese visie, wat nie rekening hou met die voortgang in die werk van God en die kreatiewe werk van die Gees in gelowiges nie. Waar die Here verlos, klink nuwe liedere. Christus se werk word in die Ou Testament aangekondig, maar dit kom eers in die Nuwe Testament in die volle lig te staan. Dit moet ook in die liedere uitkom. Die insigte in Sy werk moet deur christene in liedere besing word, omdat die Heilige Gees aan Christus se kerk die gawes gegee het om dit te kan doen.

Veilig

Maar is dit dan nie veiliger om by die Skriftuurlike liedere te bly nie? Dan is ons mos seker hulle is reg. As dit so is, moet ons wonder hoekom daar so baie boeke verskyn om die Skrif uit te lê, en hoekom predikante weekliks preke maak waarin hulle die Woord van God verwerk en uitlê. Hoekom sou mens eers by *liedere* die gevaar loop om jou van die Skrif te verwyder?! Ons moenie ons sekerheid soek in die letterlike teks nie, wat trouens in elk geval 'n vertaling van die oorspronkelike Bybelteks is. Ons moet ons in alles deur die Gees van Christus laat lei. Hy onderwys ons in die kennis van God se Woord en help ons by ons taak om dit in ons tyd en kultuur te verwoord. Die Heilige Gees vernuwe die kinders van God deur die wedergeboorte. Hy herstel dan ons vermoëns en verander ons só, dat ons dit weer tot God se eer kan gebruik. Die kreatiewe gawes is deel van daardie vermoëns. Laat ons daarom die Gees dank as daar nuwe liedere gemaak word, wat die Skrif naspreek en God eer. Dalk moet ons hier oppas om nie in die fout van Josua te verval. Hy wou keer dat mense, deur die Gees gedryf, profeteer (Num11:26-29). Laat ons dankbaar wees as ons nuwe liedere ontvang waarin Christus se naam bely en Sy lof vermeerder word.



Skriftuurlik

Dan moet dit dus ons vernaamste meetpunt wees: is die lied wat ek luister, in oor eenstemming met die Woord van God? Dit mag nie in stryd kom met die inhoud van die Skrif nie. Positief gestel: dit moet help om die Skrif beter te verstaan en God die eer gee. Dit is vir my die vernaamste rede hoekom ek van gospelmusiek hou. Luister byvoorbeeld na die lied van Don Francisco *Adam, where are you?* Op 'n beeldende manier word daarin die skoonheid van die skepping en die ellende van die sondeval verwoord. In die hele lied klink die oproep om na God terug te keer. Ek het nog nie 'n preek gehoor wat dit só mooi onder woorde bring nie. Preke is nodig, maar liedere het 'n eie waarde.

Gevoel

'n Lied kan meer as 'n preek die emosies in beweging bring. Nee, emosies is nie verkeerd nie. Moenie dink dit is veilig as jy jou verstand gebruik, maar dit raak gevaarlik as jou emosies betrokke raak nie. Beide ons verstand en ons emosies is sondig, en moet deur die Gees vernuwe word. Daarom speel jou emosies ook 'n rol in jou lewe met God. Wat dink jy het Dawid gevoel toe hy die pragtige Psalme gedig het? En dink jy Habakuk het sonder gevoel sy boek geskryf, en veral die gebedslied in die derde hoofstuk?

Wanneer ons lees van die liefde van Christus, laat dit ons harte vinniger klop. Die lyding van Christus in jou plek laat jou voel hoe ernstig jou sondes is en hoe groot Christus se liefde vir jou is. Vertroue op God is 'n

verandering in jou hart. Ons klem op die regte leer het dalk veroorsaak dat die katkisasies en preke in ons kerke teveel 'n onderrig-karakter het. Dit moet ook 'n lofliedkarakter hê, en dit moet ons gevoel aanspreek en in beweging bring. Hier is ook musiek en poësie van belang. Deur die woorde en die musiek saam word ons gevoelens getref.



Evangeliserend

'n Sterk element in baie gospelmusiek is, dat dit gerig is op evangelisasie. Die evangelie word verkondig. Dit is ook die rede hoekom byderwetse musiek gebruik word. Met Geneefse wysies (ekskuus tog) of met klassieke musiek kan mens die huidige jeug moeilik bereik. Dis net nie hulle musiekstyl nie. Ek dink dis goed om 'n vorm te soek waarmee jy jou teikengroep wel kan bereik. Tensy dit aan die boodskap afbreuk doen.

In verband daarmee is dit te verwagte dat sekere liedjies eensydig is. As jy evangeliseer, fokus jy op sekere sake. 'n Sekere eensydigheid is nie 'n beswaar nie, dit word deur die doel veroorsaak. Dit is mos bedoel om 'n ander aan die dink te sit, om hom te laat besef dat hy 'n sondaar is en redding nodig het. Dit kan opgevolg word met verdere gesprekke en onderrig. Maar eers moet die ongelowige se aandag getrek word en sy belangstelling gewek.

Jy kan nie in elke liedjie die hele leer van die Bybel opneem nie. Laat ons nie teveel van gospelmusiek verwag nie, en dit beoordeel op die vlak van preke nie. Trouens, 'n goeie preek is ook eensydig, omdat die preekteks beperkings het. Luister na musiek met 'n verwagtingspatroon wat by musiek pas.

Hieroor kan mens baie debatteer. Opvallend is, dat mense maklik twee standaarde hanteer. Een van die persone in die meningsopname luister baie na Jakaranda (en het nie nie 'n probleem met die inhoudslose of slegte tekste nie), maar vind dat jy ekstra goed moet luister by gospelmusiek, sodat die naam van God nie gelaster word nie! Neem dan liewer die tyd om goed na gospelmusiek te luister en vergeet van die Jakaranda-nonsens. Dit sluit aan by wat Christus ons voorhou. Ons moet ons aandag op die hemel rig, waar Christus sit en regeer (Kol 3:1-2; Hebr 12:1-3) – so ontvang ons aansporing vir die wedloop van die geloof. Jy kan beter jou aandag rig op musiek en woorde wat jou help om die goeie, reine, regverdige en deugsame dinge te bedink en die betekenis van Christus beter te verstaan (sien Fil 4:8-9). Die meeste gospelmusiek help jou heel wat beter daarby as baie ander bydertydse musiek!

Opbouend

'n Ander aspek wat belangrik is, is dat dit opbouend moet wees. Ek dink nie die Here soek dit dat sy naam honderd keer genoem word, maar sonder betekenis nie. 'n Liedjie wat twintig keer 'Jesus I love you' sing, kan goed bedoel wees, maar dit pla my. Bedink wel, dat jy beginsels en jou eie smaak maklik kan vermeng. Pasop dat jy musiek nie met prinsipiële argumente veroordeel nie, terwyl jy dit eenvoudig nie mooi vind nie. So vind ek byvoorbeeld die liedjie *I declare* van Julius Magan nogal saai en herhalend, maar het ek die reg om daarmee die hele liedjie af te skiet? Ék hou nie daarvan nie, maar daarom hoef ek dit nog nie kategories af te keur en mense af te raai om dit te luister nie. Wees beskeie met jou siening en luister ook na 'n ander. Partykeer is daar gesigspunte wat jy nog nie eers oorweeg het nie. En onbekendheid met iets kan by ons gou tot afwysing lei. Moenie te gou jou oordeel klaar hê en dit orals as die waarheid verkondig nie. Wees daarvan bewus dat jou 'prinsipiële' beoordeling ook deur jou smaak beïnvloed kan wees. Christelike oortuiging en prinsipiële beoordeling raak uit balans as beskeidenheid ontbreek.

Weet jy waarvan jy praat?

Ek dink dis ook gevaarlik om in die algemeen oor gospelmusiek te praat sonder om te weet wat dit is. Daarom wil ek in 'n volgende artikel gedeeltes uit verskeie gospelliedere aanhaal. So kan mense wat die musiek nie ken nie, tog daarmee kennis maak en die mooi kante daarvan ontdek.

As gospelmusiek reg doen aan de Skrif, is dit 'n gawe van God, wat deur mense weer aan God aangebied word. Die kreatiewe werk van die Heilige Gees in die gelowiges wys die krag van God in ons lewens. Luister daarna en geniet daarvan as die naam van God grootgemaak word en as jy die Bybel beter verstaan.

DIE PINKSTERBEWEGING

Margreet Moes

Die Pinksterbeweging is deel van daardie stroom binne die Christendom wat ‘n persoonlike ervaring van die Heilige Gees as baie belangrik in die lewe van ‘n Christen beskou. In teenstelling hiermee was die Rooms-Katolieke gewoonlik geneig om die Heilige Gees deur die biskoppe en die sakramente te “kanaliseer” en die Protestante deur die Bybel.
In die vorige eeu was die belangrikste man in hierdie stroom John Wesley. Wesley, wat ‘n baie intense

ontmoeting met God gehad het, het die innerlike “getuienis van die Heilige Gees” beklemtoon en het verkondig dat heiligmaking ‘n tweede daad is van genade na geregverdiging. Die “tweede seëning” van saligmaking is dat die hart van alle sonde gesuiwer word, en dit word ook die “doop deur die Heilige Gees” genoem.

Die koms van die Pinksterbeweging is voorafgegaan deur ‘n toenemende belangstelling in geestelike gawes, veral genesing, en die geloof in die doop met die Heilige Gees en vuur. In Los Angeles is die band tussen die doop met die Heilige Gees en die spreek in tale gesmee. Dit was die beginpunt van die 20ste-eeuse Pinksterbeweging. Dit het vinnig deur die wêreld versprei. Die Pinksterbeweging is geen kerkverband of Protestantse sekte nie. Dit verteenwoordig ‘n vierde stroom in die Christendom – naas die Ortodoksie, Rooms-Katolisisme, Protestantisme – en bestaan uit baie kerkverbande.

Vir die meeste is die beweging ten volle ortodoks in sy opvattinge, wat die belangrikste Christelike leerstellinge betref. Daar is uitsonderings waar net in Jesus se naam gedoop word. ‘n Aantal Pinksterkerke beskou voetewassery as net so verpligtend as die doop en die Nagmaal.

Die aanhangers van hierdie beweging sien Christus in vier rolle: as Redder, Doper met die Heilige Gees, Geneser en Toekomstige Koning. Die spreek in tale is die eerste teken van die doop met die Heilige Gees. Genesende evangeliste het ‘n betekenisvolle rol in die uitbreiding van die beweging gespeel, en in verband met genesing word dikwels nog die ongelukkige leerstelling verkondig dat alle siekte die gevolg is van sonde of gebrek aan geloof. Geloof in duiwelbesetenheid is ook algemeen, en die uitdrywing van geeste word gereeld beoefen.

Aanbidding binne die beweging word gebaseer op die model wat in 1 Kor. 12-14 voorgehou word. Die geestelike gawes wat daar genoem word, word gewoonlik as die norm beskou, en gesproke bydraes tot ‘n diens word gewoonlik as ‘n “profesie” of “woorde van wysheid” beskou.

Dit is opvallend dat Paulus die gawes geen vaste plek in die voortgaande lewe van die gemeente gegee het nie, en ons lees niks daaroor in die Pastorale Briewe nie. Ons moet ook duidelik onderskei tussen die *vrug* van die Heilige Gees (Gal 5:22, Ef 5:9) wat aan alle gelowiges gegee is waarsonder iemand nie aan Christus kan behoort nie, en die *gawes* van die Heilige Gees (1 Kor 12-14), wat die Gees uitdeel waar en wanneer en aan wie Hy wil. Die kriterium vir die Christelike en geestelike lewe is nie dat iemand allerlei buitengewone dinge doen nie, maar dat hy Jesus as Here bely (12:3). Ook voorsien die Heilige Gees ‘n *verskeidenheid* van gawes (12:4-10, 28). Alle gawes sal nie by alle gelowiges gevind word nie (12:10-11, 29-30). Profesie is belangriker as tongespraak (14:1-5). Geloof, hoop en veral liefde is die “beste gawes”

(12:31). Die liefde is die weg waarvolgens al die gawes uitgeoefen moet word. So word alle individualisme ontwortel. Insidentele gawes kan nog wel voorkom, omdat die vrymag van die Gees dit moontlik maak (12:11); die Skrif dit leer (14:39): tale sal eers ophou as die volmaakte gekom het (13:8-10); dit tot opbou van die gemeente (14:26-28), persoonlike opbou (14:4) en met die oog op sendingwerk kan geskied (14:22).

Alle Christene wat in die Naam van Christus gedoop is en in Hom glo, het die doop met die Heilige Gees ontvang (Hand 2:4, Rom 8:9, 1 Kor 12:13). Ons word opgeroep om steeds meer met die Heilige Gees vervul te raak sodat ons vrugte kan dra. Volgens Lukas 11:13 word ons deur die gebed vervul met die Heilige Gees.

Wat duiweluitdrywing betref, bid ons in die Onse Vader: "Verlos ons van die Bose". Wanneer die dissipels na Jesus kom en vra hoekom hulle nie die gees kon uitdrywe nie, sê Jesus vir hulle: "Hierdie soort goed kan met niks anders as met gebed uitgedrywe word nie." (Mark. 9:28-29). Die gebed is die kragtige manier om die invloed van die duiwel op ons lewe uit te drywe. Geen hande-oplegging, geskreeu of stuiptrekkings hoef by duiweluitdrywing plaas te vind nie. Dit moet ook nie die aandag van Jesus Christus aftrek en op die "uitdrywer" vestig nie.

God self het die mens onder andere ook as 'n emosionele wese geskep. Sonder die werklike belewing van ons geloof, van ons gemeenskap met God en ons medemens het ons God nie met ons *hele* hart, *hele* siel en *hele* verstand lief nie (vgl. Matt. 22:37). As ons dus die warme belewing, egte ontroering onderdruk of wil uitskakel, sal daar altyd 'n onvervulde leemte in ons godsdiens bly – 'n vrugbare groeibodem vir ander groepe wat dit beklemtoon … en weer oordryf. Nou help dit nie om hierdie groepe te kritiseer en as "gevoelsgroepe" af te maak nie: godsdiens net van die verstand is net so bloedarm as wat godsdiens net van die hart gevaarlik is. Ons het die taak om ons geloof so uit te lewe dat die *hele* mens daardeur verhef en versterk word.

(Uit: Onderskeiding van die geeste – Hedendaagse pinksterstrominge in Suid-Afrika)

Voel jy ook so?

BEROEPS TE(K/L)EURSTELLING

Nicoline Bijker

Baie matrikulante moet die vraag "wat gaan jy volgende jaar doen?" beantwoord. Dis seker een van die onsekerste tye in mens se lewe. Jy moet 'n keuse maak wat jou hele lewe beïnvloed - in elk geval vir 'n paar jaar. Die ideaal is seker om die beroep te kies wat die beste by jou pas, waarvan jy hou en waarin jy die gelukkigste sal wees.

Buiten die feit dat jy dalk nog nie presies weet wat jy wil gaan doen, kan daar ook nog ander struikelblokke wees. Maar kom ons sê jy het jou hart op 'n bepaalde rigting gesit. Dit was jou ideaal reeds van jongs af. Jy het jou bes gedoen deur jou skoolloopbaan - jou akademie deur die jare hoog gehou. Maar ongelukkig is jou studierigting beperk tot net 'n sekere aantal toelatings, en onderhewig aan 'n streng keuring. Vol vertroue het jy al die aansoekvorms ingevul. Jy voel sommer so bietjie trots nadat jy dit ingevul het en vir 'n laaste keer deur die aansoek vorm blaai om seker te maak dit is reg. Die keuringskomitee sal nie eers twyfel nie… (tekeurstelling)

En dan kry jy die teleurstellende briefie in jou posbus: *jammer geen keuring vir jou nie*… (teleurstelling)

Hoe mag jy nou voel? Natuurlik is jy iets verder as briesend. Veral as jy weet dat daar, as gevolg van regstellende aksies, 'n aantal kandidate toegelaat is wie se punte definitief nie beter is as jou punte nie (tekleurstelling). Wie se skuld is dit? Was jy nie goed genoeg nie? Moet jy dit net só aanvaar? Jy was oortuig daarvan dat dit jou roeping is in die lewe

waartoe God jou geroep het.

Wat nou gedoen? Is ek eintlik nie so goed as wat ek gedog het ek is nie? Of kan jy maar regstellende aksie die skuld gee?

Mens is geneig om aan almal die skuld vir jou mislukking te gee, behalwe aan jouself. Maar jou punte kon dalk nie goed genoeg gewees het nie, of dalk het jy nie genoeg sport of kulturele bedrywighede gehad nie. Of miskien was dit nie die regte keuse nie… Dalk was jy deur ander mense beïnvloed. Net jy ken jouself die beste. Ondersoek ander rigtings ook. Verras jouself en ander mense met 'n oorspronklike keuse. Beweeg weg van jou aanleg toetse se resultate.

Aan die ander kant moet ons onthou dat ons 'n kloof moet oorbrug wat voortspruit uit die apartheidsjare. Dis die realiteit waarvandaan ons nie kan wegvlug nie.



As Christene moet ons die regering gehoorsaam wees, want God is die Regeerder, bo die regering (Pred 8:1-10; Rom 13:1-7).

Ons mag ons ook berus in die wete dat God ons sal lei op Sy weë. Geen haar sal van jou kop val sonder God se wil nie. Alles gebeur met 'n doel, en al voel mens nou negatief, werk dit alles saam tot God se Raadsplan. Kyk na die voorbeeld van Paulus in Hand 16:6-7 (gaan lees dit regtig, dis nie so baie moeite nie!). Paulus het sekere planne gehad, maar God het anders vir hom beskik. God lei mens se pad om saam te werk tot Sy doel. Hy weet immers altyd beter as wat jy dink jy weet?

Dit beteken nie dat jy moet moed verloor nie. Aanhouers wen! Natuurlik mag jy hard werk vir wat jy wil hê, maar die finale beslissing word in God se hand geplaas. Doen weer aansoek, of werk nog harder. Moet net nie dat dit 'n obsessie word en dat jy nie meer dinge in perspektief kan sien nie. Soek hulp en raad by God en vra dat Hy jou sal lei.

Beroepskeuse is 'n saak van gebed, waaraan almal deel kan hê, ook hulle wat reeds in 'n spesifieke rigting is. Laat ons nie moed verloor nie.

Ons beplan om volgende keer 'n artikel te plaas m.b.t. God se leiding van ons lewe. Dus Nicoline en jul ander belangstellendes, hou die pers maar dop! - Red.

VREEMDELING

Ons keer nie ons rug op die wêreld nie. Ons vermy nie die wêreld nie. Ons loop nie met oogklappe op en watte in ons ore nie. Nee, ons bly binne in die wêreld. Daarin is ons baie besig. Dít is gereformeerd. Maar tog leef ons in apartheid. Ons is gekoop, en betaal, en apart gehou. Ons is vreemdelinge. Vreemdelinge wat uitsien na ons huis!

Daarom moet ons hier nie teveel tuisraak nie. Nie alles besit wat ons hart begeer nie. Ook al is dit – op sigself – nie verkeerd nie. Wie hom te gesellig inrig het niks meer om na te verlang nie.

Die vreemdeling neem nie deel aan alles nie. Láter, as hy tuis is, dan mag hy oral gaan. Dáár is alles van hom.

Daarom moet ons afstand hou van veel dinge om ons heen. Vreemdelinge is kwesbaar. Ons is nie so sterk soos wat ons lyk nie. En die wêreld is immers kwaad. Sy word vir die vuur bewaar as die dag van oordeel kom. Op dié dag moet ons nie geheg wees aan die wêreld nie. Dink maar aan die vrou van Lot.

Ons het ook nie tyd om aan alles deel te neem nie. Ons het genoeg te doen as gelowiges. Deur gewoon ons werk goed te doen. Deur te dink aan ons naaste buurman. Deur op ons verre naaste te let. Hande – vol – werk!

Ons het ook nie geld om onsself gerieflik te installeer nie. Altyd, as daar net genoeg gespaar is om luuks te kan lewe, moet daar wel weer 'n kerk gebou word. Of

‘n skool gestig word. Of ‘n verdrukte broeder gesteun word. En daar gaan ons spaargeld.

Dit is maar goed ook. Dit bewaar ons by die vreemdelingskap. Ons deel is nie in hierdie lewe nie. Ons deel is in die HERE. Ons verlang huistoe. Die nuwe aarde. Vreemdeling. Maar ook erfgenaam!

Vertaal uit ‘n CJB-skets

HET JY DIE UITNODIGING AL AANVAAR?

Anita Spies

Stel jouself die volgende voor:
‘n Koning reël vir sy seun ‘n groot troue. Hy nooi baie mense uit om saam met hom in hierdie vreugdevolle gebeurtenis te deel. Omdat so ‘n troue en die daaropvolgende fees baie voorbereiding vereis, stel die koning voor dat hy die mense sal laat roep sodra alles gereed is. Dan hoef hulle nie daar te kom sit en wag terwyl alles nog voorberei word nie. Toe alles mooi reg is, stuur die koning sy boodskappers uit om die gaste te gaan haal. Dan kom die skokkende nuus: Die genooides weier om te kom en het allerhande verskonings waarom hulle nie die troue kan bywoon nie. Die koning stuur egter weer sy boodskappers na dieselfde gaste met die boodskap: "Kom, die tafels is gelaai met die heerlikste kos. Alles is reg. Julle kan net kom aansit aan die tafel. Laat die fees begin!" Weereens ignoreer die gaste die uitnodiging en behandel van die boodskappers so hardhandig dat van hulle sterf.

Toe sê die koning vir sy boodskappers: “Die bruilof is wel gereed, maar die genooides was dit nie werd nie. Gaan nooi nou almal uit wat julle in die hande kan kry.” Die boodskappers het uitgegaan en almal genooi wie hulle raakgeloop het, slegtes sowel as goeies, en vir elkeen mooi klere gegee om aan te trek sodat hulle as gaste van die troue uitgeken kon word. Toe die koning egter die saal inkom, val sy oog op iemand wat nie sulke feesklere aangehad het nie. Die man wou natuurlik daarbuite nie erken dat hy die uitnodiging wil aanneem en vriende met die koning wil wees nie. Tog het hy skelm by die fees ingeglip. Die koning vra hom toe: “Vriend, wat soek jy hier? Jy het seker gedink jy kan skelm hier inkom, want as jy saam met my boodskappers hiernatoe gekom het, sou hulle vir jou mooi klere gegee het om aan te trek. Toe hulle jou daarbuite uitgenooi het, het jy natuurlik gemaak of jy jou nie aan hulle steur nie.” Die man was vas, en kon niks terug sê nie. Die koning beveel toe sy boodskappers om hom in die buitenste duisternis te werp.

Die fees van die ontmoeting van Christus en Sy gemeente is ‘n werklikheid en die Here nooi vandag steeds mense tot die fees uit. Dit is die tema van hierdie gelykenis: Daar kom ‘n groot en pragtige fees. Die vraag waarmee menigte gelowiges egter worstel, is “Hoe weet ek of ek werklik vir die fees uitgenooi/ uitverkies is?”. Met verwysing na die gelykenis, word daar soms gewonder hoekom die man wat nie bruilofsklere aangehad het nie, uit die saal gegooi is alhoewel hy die uitnodiging aanvaar het?. Die antwoord hierop word in Matt 22:14 gevind waar Jesus sê: “Want baie is geroep, maar min uitverkies.” Dat slegs gekose mense die Koninkryk van die Hemele gaan beërwe, word hier bevestig.



God het egter aan ons in Sy groot genade gedink, deur Jesus as “Spieël van ons verlossing” te stuur. In Christus alleen sien ons soos in ‘n spieël raak of ons uitverkies is. As ons deel is van die liggaam van Christus, kan ons verseker weet dat ons ook uitverkies is. Ons is ook uitgenooi. Niemand word gedwing om te glo nie, maar word vriendelik versoek om die uitnodiging te aanvaar. Die uitnodiging lê voor jou voete!

Wat is jou antwoord op God se uitnodiging?

Bronne gebruik:
“Uitverkies… of Nie? - Dr. Etienne de Villiers
“Bijbelse dagstukkies”

BOU AAN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS

Ernst van Vondel

Die Here belowe in sy Woord dat daar waar twee of meer in sy naam vergader, Hy teenwoordig sal wees. Ons maak ‘n fout wanneer ons hierdie belofte wil beperk tot die eredienste op Sondae. God gee aan ons ook die voorreg om tydens Bybelkringe en jeug-verenigings ons te verdiep in die evangelie. Die Gees wil ons by sulke geleenthede ook as liggaam van Christus saamsnoer sodat ons mekaar tot opbou kan dien.

En dan is dit baie hartseer as mens die huidige tendens by jeugvereniging bemerk. Lede bly ligtelik en herhaaldelik weg sonder om verskoning aan te teken. Slegs deur die spreekwoordelike “bostelegram” verneem mens later die redes: “Ek voel ek kry nie meer iets daaruit nie” of “die lede is so jonk, ek kan nie meer regtig gesels oor die dinge wat vir my relevant is nie” of ook “die onderwerpe staan my nie aan nie”. Opsig self is kritiek en ook die bogenoemde besware nie verkeerd nie. Daar is net twee dinge wat jou behoort te pla; die woordjies “ek” en “my” kom te veel voor en die besware word nooit regstreeks aan die JVB geopper nie. Daar word eerder verkies om weg te bly as om die probleme aan te spreek.

Daar word eerder verkies om weg te bly as om die probleme aan te spreek.

Maar kom ons dink na oor die belang van ons onderlinge byeenkomste en soek oplossings vir die besware.

Ons tema vir die tweede semester handel oor die gelykenisse wat Jesus vertel het. Sy doel met die gelykenisse was om tussen die omstanders die kaf van die koring te skei. Slegs die wat delf na die waarheid sou hier antwoorde kry. Die wat gekom het om wonders en tekens te sien, moes teleurgesteld huiswaarts keer. En dan verstaan ons dalk beter hoe ons die woordjie "ek" in ‘n pro-aktiewe sin kan inpas. As ek deeglike voorstudie doen, het ek bes moontlik iets nuuts ontdek wat ek aan die ander lede kan oordra”. So kan ons daarop uit wees om die heilige Gees kans te gee om ons eie geloof te versterk. Dit sal ook definitief bydra tot die opbou van die liggaam van Christus. Sodoende vergeet jy ook die ouderdoms-verskille en raak elke onderwerp vir jou relevant. En al is jy iemand van min woorde, die Gees werk deur jou teenwoordigheid.

As daar dan nog besware is, rus die verantwoordelik-heid op elkeen om met lede van die JVB daaroor te praat. Om net weg te bly is swak. Die probleem kan nie aangespreek word nie en dit vorm ‘n bose kringloop. Verder is dit uiteraard baie demotiverend vir die getroue lede, veral ook omdat ‘n groot gros van die wat gereeld wegbly van die ouer jeuglede is.

Kom dan, dat ons die besware kan aanspreek. Al loop die jaar al tot ‘n einde, laat ons dit op ‘n hoë noot afsluit. Ook veral op die oog met die verkiesing van die JVB vir 2001. Laat ons saam, jonk en jonger, spraaksaam en stiller, die koninkryk van God uitbou.

Namens die Rehoboth Jeugvereniging Beheerliggaam (JVB)
Ernst van Vondel



Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

DEUR DIE SLEUTELGAT

Mense, dit is alweer Oktober. As julle dit lees is dit waarskynlik November. Met ander woorde die laaang vakansie lê om die draai. Weer tyd vir kongres, seesand en natuurlik "sundowners".

Maar onlangs was dit nog September vakansie gewees en die jeug wat nie (wou) swot nie, was baie aktief. Saterdag 16 September het ons ou klere verkoop op Stellenbosch. Die klere het vinniger as soetkoek verkoop en ons het in een en 'n half uur meer as R1000,00 (JA DUISEND RAND) gemaak. Praat van 'n maklike manier om geld te maak. Baie dankie aan almal wat so mildelik klere geskenk het en so hierdie geleentheid vir ons moontlik gemaak het.

Tien van die jeuglede het Erfenisdag gevier deur Tafelberg te beklim. Die kaart van die staproete of Peter se oriëntasie vermoë het ons 'n bietjie in die steek gelaat, want ons het ten minste drie keer verdwaal. Daarby was dit taamlik koud en reënagtig. Vir ons dappere stappers was die uitdaging egter nie 'n probleem nie.

Vir die kerk se sokkerspan het die eerste seisoen ook ten einde geloop. Ons het heelwat kere gelykop gespeel, 'n paar keer verloor, maar ook 'n paar keer gewen. Die gemiddelde vertoning in die liga is argumenteerbaar aan die ietwat powere vertoning van ons sterre in die tweede helfte van die seisoen. Maar met "Jakes" as steunpilaar en Sjirk as opkomende nuwe talent, is daar hoop vir die volgende seisoen.
Die sokkerspan is hierdie jaar goed ondersteun deur 'n paar getroue toeskouers elke Saterdag. Die hollandse krete het ons teenstanders wel 'n bietjie verward gelaat, maar vir die spelers was dit goeie ondersteuning.

Die matriekafskeid funksies is ook iets van die verlede. Jaco het Carina vergesel en Chrisjan het vir Carien vergesel (Nadat hy binne ongeveer 5 dae vir hom 'n pak moes organize!). Hein kon seker die okkasie nie maak nie vanweë studieverpligtinge. Verder is daar nog Giny en Wietske wat hul skoolloopbaan kon afsluit. Hoop dit was gesellige aande!

Groot nuus nou in die Kaap is natuurlik dat Christine van der Linden nie meer beskikbaar is nie. Ja, nogals met ‘n toekomstige prokureur nê!! Nico (dis nou die nuwe vlam se naam) het al goed kennis gemaak met die mense van die kerk deurdat hy ‘n ordentlike blou oog toegedien is by die sportdag toe hy ‘n goal probeer save het!

Ten slotte, almal wat hard swot vir die finale eksamens (matrieks) hierdie jaar: Vasbyt en Voorspoed. Die wat studeer en nog nie begin swot het nie: Julle kan volgende jaar weer probeer. Met alle grappies op ‘n stokkie, ons hoop dit gaan goed met almal en dat daar seën sal wees op alle harde werk.

Tot volgende keer.
Die Sleutelgatloerder

OU KLERE TE KOOP!

Chrisjan van Alten

Op 16 September dou voor dag is daar wrintie waar 'n groot groep jeug by die van Alten's se huis om die ou klere in hulle motors te pak en daarvandaan deur te ry na Stellenbosch, waar Christine v.d.L. gereël het vir 'n plekkie op Die

Braak. Sowaar daar storm die mense al op ons af voordat ons nog kon besluit waar ons gaan staan en hoe ons dit alles gaan aanpak.

Maar ons het ons nie laat onderkry nie, 'n paar was aangestel as polisiemanne om toesig te hou dat niks stilletjies verdwyn nie, en ander het dinge agtermekaar gekry sodat ons met die verkope kon begin. Na 'n paar uur se geswoeg en gesweet het ons byna alles verkoop en die res wat oorgebly het, het ons vir 'n appel en 'n ei aan die stalletjie langsaan verkoop.

Theo moes ook sy 'skoenwinkel' sluit en sodoende ook sy skoene afstaan aan die mense langsaan ons. Hy was nogal spyt want alles het so netjies en georganiseerd gelyk in sy 'winkel' . So netjies dat amper niemand iets daar gekoop het nie.

Namens die jeug wil ons vir almal **baie dankie** sê wat hulle ou klere gaan uitkrap het. Ons is seker dit het gehelp, vir ons maar ook vir u wat u kaste kon opruim . Dit is op so 'n manier vir ons 'n uitdaging om weer so 'n projek aan te pak. Ons het met 'n mooi bedrag van R1200.00 huis toe gegaan. Moeg maar baie tevrede kon ons gesellig met mekaar 'n koppie koffie gaan drink in Mug&Bean.

KONGRES 2000

Hier is nog ‘n bietjie verdere inligting rondom die kongres.

KOS
Alhoewel dit ‘n Kaapse Kongres is, is daar wel ‘n sterk Gautengse aandeel in die organisering/ plaasvind van die kongres. Een van die grootste take tydens die kongres, is die kos wat gemaak moet word om almal se mae te vul elke dag. Hierdie jaar gaan ‘n Gautenger dit doen, naamlik Aliena Miske. Die spyskaart lyk baie goed en ons is seker almal sal genoeg en lekker kan eet tydens die Kongres!

KONGRES OUERS
Die Kongres ouers vir die jaar 2000 se Kongres is Kapenaars, maar tog is hulle baie bekend in Gauteng. Hulle is naamlik die oud-Gautengers Jan en Ilonka van der Dolder. Ons is seker hulle is opgewasse vir die taak!

Byvoorbaat baie dankie vir die bereidwilligheid van beide Aliena vir die kosmaak tydens kongres, en vir Jan en Ilonka vir die Kongres ouers wees!

Net weer die ander inligting:
Tema: Geloofsbelewing
(Persoonlik; tussen gelowiges; in die wêreld)
Datum: 26 – 30 Desember 2000
Plek: Hawekwa Jeugterrein te Wellington
Navrae: Mirjam Raimond; Tel: (021) 948 5890
E-mail: mraimond@adept.co.za

In die volgende uitgawe sal daar voorstudie materiaal vir die Kongres verskyn.

BLAPSE

Ons hoor gereeld kanselafkondigings. Die glipse kom so nou en dan ook deur. Net een verkeerde woordjie, woordplasing of selfs net 'n leesteken kan vir groot chaos en pret sorg. Hier volg ‘n paar uittreksels wat al in kerke afgekondig is:

Vir alle ma's wat klein kindertjies het en dit nie weet nie - ons het 'n moederskamer net langs die kerk.

Die blomme in die kerk sal geskenk word aan diegene wat siek is na die erediens.

Volgende week word die kerkraadsvergadering Woensdag om sewe-uur gehou, en die predikant van Sondag is in die konsistorie opgeplak.

Basaarafkondiging : Almal welkom! Kom gerus as jy niks aan het nie en kom deel in die pret.

Ons gemeente gaan vanaand lekker melkskommels in die kerksaal drink, Sal alle vroue wat melk skenk asseblief reeds om 18h00 daar wees.

Ons het vanaand 'n byeenkoms in beide die oostelike vleuel en die westelike vleuel van ons kerkgebou. Babas sal beide kante gedoop word.

Alle vrouelidmate kom Woensdag die elfde in die biblioteeksaal bymekaar vir 'n praatjie oor die hemel. Hoe jy daar kan kom? Vervoer is beskikbaar om 19h00 vanaf die bushalte oorkant die hotel.



Eerskomende Sondag sal daar 'n spesiale kooruitvoering wees, waarna die kerk gesluit sal wees vir herstelwerk.

'n Nuwe luidsprekersisteem is in die kerk geinstalleer. Dit is 'n geskenk deur een van ons gemeentelede ter herinnering aan sy vrou...

Weight Watchers het weer vanaand hulle byeenkoms in die saal. Gebruik asseblief die dubbeldeure van die syingang.

November die negentiende om tienuur. Oggenddiens : Ds. Bruwer – Die wereld se grootste probleem.

VOETSPOOR

Die einde van die jaar kom nou vinnig nader en so ook die eksamens. Die Jakaranda bome is weer in volle glorie besig om die wêreld pers te verf.

Laat ek met die nuus begin. Ons het 'n baie talentvolle atleet in ons midde (sy is nou al weer terug van Sydney). Christelle Bosker is uitgenooi om deel te neem aan die Paralimpiese Spele. Dit is 'n baie groot voorreg vir haar, maar ook baie stresvol. Christelle, ons is trots op joe prestasies! 2 goud en een brons is nie sommer in enigiemand nie. Ons hoop jy het die ervaring geniet en is saam met jou bly dan jy ook so jou talente tot eer van God aan kon wend.
Daar is nog 'n paar ander gelukkige gesigte. Hein Smit, die redakteur van Maranata se redaksie, het ook nou besluit om uiteindelik te "settle", of is dit Margreet wat hom net nie wil laat loslaat nie. Wel, hulle het nou verloof geraak en hoop om volgende jaar te trou. Baie geluk. Mag die toekoms vorentoe vir julle mooi tye inhou.

Vyftien September, om twee uur het drie flukse studente die pad gevat met die fiets na Akco van der Sluis se plaas. Hulle was plus-minus vyf ure oppad. Die ander studente het ongeveer een uur later aangekom. Nadat ons ’n bespreking oor die gebruik van chemiesemiddels op gewasse en vee gehad het, het ons vuur gemaak en ons stokbrood met self gesnyde stokke gebak (daar was verskeie baie snaakse stokke by). Die studente het oor baie eetlus wekkende gebeurtenisse gepraat (bv. kannibalisme). Daar was ’n voorstel gemaak dat ons die volgende oggend vroeg uit sal gaan na die melkery van Oom Martien van der Sluis, maar die meerderheid van die studente het besluit dat dit te vroeg was vir hulle, dus was slegs een persoon soontoe gewees. Baie later die oggend (ongeveer nege uur) het ons *continental* breakfast gehad (*bacon and eggs*). Na die lekker naweek was ons almal weer veilig huistoe (gelukkig nie op die fiets nie!).

Ons kerk is ook nou 50 jaar oud. Ons mag dankbaar wees dat God ons so lank gespaar het en ondersteun het. Hierdie gebeurtenis kon ons lekker ontspannend bywoon deur die Saterdag na die Pioniersmuseum te gaan en daar net lekker speletjies te speel. Die eiergooi en waterballonne het van die meeste aandag getrek, maar die

volleybal veld was ook nie ver agter nie. Daar was permanent mense besig om te speel, selfs toe ons worsbroodjies begin eet het. Dit was lekker om so met die hele gemeente te kon kuier. (Dalk moet ons meer van sulke gemeentedae hê?).

Verder het daar nog van die jeug 'n dag Roodeplaatdam toe gegaan. Wolter Miske se motorboot was saam asook Frans Hagg se kano. Die jeug kon rond gesleep word op 'n binneband en party het selfs die ski's aangedurf. Ferdinand Kerkhoff het almal gewys hoe dit gedoen moet word. Dankie aan Tineke Hagg wat vir die reël van die dag verantwoordelik was.

Dit is vir eers al van Voetspoor se kant af, tot volgende keer.

Voetspoor groete.

Studentevereniging

DIE BOER SE DILEMMA

Chemiese plaagbestryding: Ja of nee en hoekom? 17 jongmense het in die perd se bek gaan kyk.

Akco het afgeskop met ’n praatjie waarna ons vrae kon vra. Die praatjie het basies die volgende omvat:

Die mens het in die paradys al die opdrag gekry om God se tuin te bewerk en te bewaar (Gen 2:5). So is die naam Adam ook afgelei van Adama wat in Hebreeus "grond" of "akkerland" beteken. Na die sondeval (Gen 3:17&18) is die aarde vervloek en moes die mens die stryd teen dorings en distels begin.

Hoe kan en moet ons as Christene ons kultuuropdrag uitleef sonder om die natuur te benadeel? Ons gaan van die volgende gedagte uit: God het die hemel en aarde geskape tot sy lof en die mens aangestel as bewaarder. Dus is die opdrag om die aarde tot verdere ontwikkeling te bring tot eer van God. Nou is die vraag of mens hierdie taak nie sonder chemiese middels kan aanpak nie. Die antwoord is nee. Veral in Europa word aandag gegee aan biologiese boerdery, maar dit het selfs nog nie die "ou" boerderysisteem omver gewerp nie. Ongelukkig sit ons met die realiteit dat daar geweldige groot plae op gewasse voorkom wat ons op een of ander manier moet bestry.

Chemiese middels kan vergelyk word met antibiotika. Óf te veel óf te min kan weerstand laat opbou en dan moet daar later na sterker middels oorgeslaan word. Dis belangrik om die voorgeskrewe dosis te gebruik. Dit is ook belangrik om die verskillende middels met mekaar af te wissel om weerstandopbouing teen ’n spesifieke middel te voorkom.

’n Voorbeeld van verantwoordelike gebruik is die keuse tussen "harde" en "sagte" middels. Die harde middels, soos DDT, maak alles dood, ook die natuurlike vyande. Die luise wat op katoen voorkom word bv. deur lieweheersbesies gevreet. Deur sagte middels te gebruik gee jy daardie predatore ’n veel beter kans om te oorleef.

Natuurlik het die middels ook ’n invloed op die omgewing. Dit kan byvoorbeeld in oopwater en boorgate beland en groot skade veroorsaak. Voëls kan ook gifbehandelde saad eet en vrek. Maar as daar met verantwoordelikheid mee omgegaan word, hoef dit nie gevaarlik te wees nie.
Sonder die middels is landbou en veeteelt egter onmoontlik.

Onthou: alle boere, met slegs ’n paar uitsonderings, boer omdat hulle lief is vir die natuur en probeer om skade sover as moontlik te bekamp. Hulle sal die eerste wees om onder die skade te ly. Ons mag dinge wat tot ons nadeel is bestry. Dis egter onmoontlik om alle plae finaal van die

aardbodem af te verwyder. Ons sal altyd bly stry teen die vloek van die sonde wat die mens oor homself gebring het.

Tot sover dan Akco.

Die bespreking is oopgestel en heelwat interessante aangeleenthede het opgeduik.

Mens moet byvoorbeeld eers 5 ton appels eet (per dag) om dood te gaan van die gif (ek dink dis 100 voor jou maag bars - appels en nie ton nie), maar was maar in elk geval jou appel, mens weet nooit hoeveel sweethande het aan hom gevat nie.

'n Woord van advies aan ons voornemende boere: oppas dat die wind nie teen jou draai sodat jy jou buurman se katoen doodspuit nie!

Nog iets...

THE CREATOR CARES

Toe ek in Julie in die Kruger Wildtuin was, het ek die voorreg gehad om 'n deel van God se wonderlike skepping te aanskou. Soos wat ek gekyk het, het dit my weereens geraak hoe God Sy skepping vandag bly versorg en onderhou. Dit is regtig wonderlik hoe God omgee vir al Sy skepsels ons inkluis! Hou dit ook in gedagtes as julle jul laaste eksamens skryf (vir die van julle wat skoliere of studente is) en soos wat julle op vakansie gaan. Lees ook Psalm 8.

Groete,
Willemien Kleyn

The Creator Cares

When I gaze as far as the eye can see
I am awed by God's mercy.
He takes care of all of this,
In His loving care, He does nothing miss.
Although I do not even see them all,
He takes care of all creatures great and small.
Although I can lose attention and become bored,
By Him no creature is ever ignored.
Although I become tired and sleep,
He forever watch does keep.
He takes care of His creation
He also cares for every nation.
We could not exist without the love
Of this God who watches from above.

Boeke

EK STAMEL EK STERWE - EBEN VENTER

En dit is presies wat die mens doen as hy self die god van sy lewe word - hy sterf 'n stadige ongenadige dood, letterlik en figuurlik.

Ons sê altyd: Ons leef in die wêreld, maar is nie van die wêreld nie. En dit is goed, maar soms is dit nodig om weer te besef wat die verskil is tussen 'in die wêreld' en 'van die wêreld'. En dis waarmee jy gekonfronteer word in die wêreldse boek.

Konstant (die hoofkarakter) leef 'n lewe sonder waardes of normes. Die hoofdoel is om die lewe soveel as moontlik te geniet sonder om aan die konsekwensies te dink. Ons ontmoet Konstant aan die begin van die boek as 'n rebelse jong man, pas terug uit die 'army'. Hy is geskok in die lewe, in sy ouers, in sy opvoeding, in homself. Die besluit om Australië toe te emigreer lyk soos die lossing vir sy probleme, maar die onverwagte gebeur - hy word gediagnoseer met 'n ongeneeslike siekte. Ons sien in die verloop van die boek hoe sy

karakter ontwikkel. Onder die invloed van sy nuwe vriende verander sy lewenswyse. Die 'ou' Konstant het elke partytjie bygewoon, te veel gedrink en 'n losbandige lewe gelei, die 'nuwe' Konstant is 'n algehele vegetariër, selfs suiwel en eiers word vermy. Hy fokus op versterking van die innerlikes mens en om 'n 'rein' lewe te lei. Maar die dood kom. Ons leef saam met die hoofkarakter deur die maande van afbreek van sy liggaam, hoe sy wêreld krimp en hoe hy dan dood gaan.



Ek stamel Ek sterwe is 'n skokkende boek op baie vlakke. Die taal en woordeskat is onaanvaarbaar, vrye seks word as normaal aanvaar, daar word geen ontsag vir God of die Bybel getoon nie. Met een woord: Onchristelik. Ek sal die boek nie aanbeveel as onspanne leesstof nie.

As jy besluit om die boek te lees sal dit goed wees om dit van voor tot agter te lees, en nie half pad te stop nie. Anders het jy 'n klomp negatiewe inligting ingeneem sonder om die konteks en doel daarvan te verstaan. Die bou en ontwikkeling van die verhaal en karakters is belangrik, en om werklik iets opbouend uit die boek te haal moet dit in sy totaliteit gesien word. Bespreek dit dan met die mense rondom jou en dink self daaroor. En besef hoe gelukkig jy is.

RONDOMTRALIE - ELSABE STEENBERG

Sy het haar eie man doodgemaak. En daarom is sy nou in die tronk om die straf daarvoor uit te dien.

"Ag nee", sal jy sê, "nog 'n neerdrukkende boek, ons het genoeg moord en doodslag in ons land, kan ons nie oor iets anders praat nie?"



Hierdie boek sal jou aangenaam verras. Dit is opbouend en positief, dit help jou om iets te verstaan van die lewe agter die tralies en wat in die gedagtes van die gevangenisse aangaan. Dit wys vir ons dat jou geloof nie 'n waarborg teen die sonde is nie, dat selfs gelowiges se lewens kan verkrummel tot 'n hoop gemors. Salomien Wiid (die hoofkarakter) is 'n gelowige vrou wat in die tronk is oor die moord op haar man, Ernst. Dit was nie 'n beplande moord nie, maar omstandighede buite haar beheer het gelei tot die noodlottige skoot. Maar dat sy moet boet vir haar dade is onaanvegbaar, sy moet gestraf word. Sy leer dat die tronk nie net 'n plek is nie, maar 'n toestand, 'n grys wolf wat haar diepste menswees bedreig. En steeds soek sy na lig, 'n worsteling om en met die Engel van die Here by haar eie Jabbok.

Bladsy 126: 'Dis die wiel waarvan Engela haar vertel het: om en om slinger die dae met hul eenderse bakkies, om en om. Sand wat uitval en weer opgeskep word: dieselfde sand in dieselfde bakkies. Rondomtalie, rondomtralie.'

OPLOSSING VAN DIE BLOKKIESRAAISEL



VERJAARSDAE!

Bethal

Jean Sausberg	14 Des

Johannesburg

Dirk Bijker	22 Nov
Idelet Kuyvenhoven	5 Des
Johann Reyneke	7 Des
Marietjie Bijker	22 Des

Kaapstad

Floris Antonides	17 Nov
Arjan van der Lugt	22 Nov
Hermie Kooyman	23 Nov
Peter Raimond	7 Des
Jaco Haak	8 Des
Giny van der Vinne	31 Des
Magda Geleijnse	31 Des

Maranata

Ronél de Vente	8 Nov
Albert Bouwmeester	11 Nov
Cora Visser	16 Nov
Juan Botha	22 Nov
Sietse van der Meulen	24 Nov
Regina van den Bout	30 Nov
Johan Sterk	1 Des
Willem Sterk	1 Des
Axel Hagg	2 Des
Gerda de Jager	9 Des
Marijke Aartsma	9 Des
Matthijs van der Hout	13 Des
Renier Kampman	13 Des
Richard de Vente	23 Des
Maryke Hutten	26 Des

Pretoria

Jolandi van der Weide	9 Nov
Albert-Jan Zielman	12 Nov
Johan Bijker	15 Nov
Anita Spies	23 Nov
Tanya de Vente	7 Des
Dirk Boon	11 Des
Ronel van der Linden	19 Des
Timo Schuring	28 Des